

Vroeë Kaapse geskiedenis

Schoeman, Karel. 2010. Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662.

Pretoria: Protea Boekhuis. 436 p. Prys: R300,00.

ISBN: 978-1-86919-271-6.

Resensent: A. Wessels
Departement Geskiedenis,
Universiteit van die Vrystaat

Karel Schoeman is een van Suid-Afrika se produktiefste skrywers en het reeds 'n groot aantal romans, historiese werke en ander publikasies die lig laat sien. Sy werk is al meermale bekroon, byvoorbeeld met die Hertzogprys en die Recht Malanprys.

Die afgelope paar jaar vors Schoeman die vroeë vestigingsgeskiedenis van blankes aan die Kaap na met die oog op die publikasie van 'n vyfdelige reeks boeke, genaamd "Kolonie aan die Kaap". Vroeër het die eerste twee van hierdie boeke reeds verskyn, naamlik *Patrisiërs en prinse: die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap, 1619-1715* en *Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1688*. Nou het die derde van hierdie reeks boeke ook die lig gesien, naamlik *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*. Soos die vorige boeke is ook hierdie een besonder keurig deur Nicol Stassen se Protea Boekhuis uitgegee.

Vir baie jare was die geskiedenis van die blanke vestiging aan die Kaap algemene kennis vir die meeste Suid-Afrikanners, maar vandag kan dit nie meer as vanselfsprekend aanvaar word nie. Dit is dus goed dat Schoeman die aandag op 'n verantwoorde wyse op die eerste blanke intrekkers vestig, dit wil sê daardie mense wat hierheen verhuis het na aanleiding van die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) se besluit in 1651 om 'n verversingspos in Tafelbaai te stig ten behoeve van die Kompanjie se skeepsvaart tussen Nederland en die Ooste. Hierdie stuk geskiedenis begin toe Jan van Riebeeck in April 1652 in Tafelbaai anker gooi.

In hoofstuk 1 beskryf Schoeman Jan van Riebeeck se lewe en loopbaan. Hoofstuk 2 word aan die werksaamhede rondom die verversingspos gewy, en wel aan die hand van Van Riebeeck se dagboeke sowel as die briewe en geskrifte van vroeë besoekers aan die

Kaap. Die omstandighede van die pioniersgroepie wat uitvoering aan Van Riebeeck se opdragte en ambisieuse planne moes gee, word in hoofstuk 3 in besonderhede bespreek. Daar word byvoorbeeld genoem dat alle lewensmiddele, gereedskap, saad, plantjies en selfs perde aanvanklik uit die Ooste ingevoer moes word. Vervolgens kom die fort in hoofstuk 4 aan bod. Die kollig val op die konstruksie daarvan, die skuiling en beskerming wat dit teen wilde diere en vyandige Khoi-stamme moes bied, en hoe die verskillende sosiale groeperings, soos die hoë amptenare, ambagsmanne, soldate en slawe, in die fort gewerk, geleef en soms ook gesterf het. Aandag word ook aan onthale, kerk- en gebedsdienste en militêre parades geskenk – fassinerende leesstof.

Die verskillende dienaars van die Kompanjie word in hoofstuk 5 beskryf, en die werksvolk in hoofstuk 6. 'n Klein groepie hoë Kompanjieamptenare was deel van die Kaapse nedersetting, maar die latere vryburgers was hoofsaaklik afkomstig uit die groter groep werksvolk, soldate en matrose. Die uiters moeilike omstandighede, teenlae en mislukkings van die aanvanklike groepie van nege vryburgers, maar ook die enkele suksesverhale, word in hoofstuk 7 bespreek. Die slothoofstuk verskaf 'n oorsig van Jan van Riebeeck se latere loopbaan in die Ooste, tot en met sy dood in 1677.

Soos sy ander historiese werke, is ook Schoeman se *Kolonie aan die Kaap* 'n goed nagevorsde studie; daarvan getuig onder meer die nie minder nie as 2 670 eindnote (p. 329-393) en omvattende bronnelys (p. 394-414). Daar is ook 'n baie volledige register (p. 415-436). Afgesien van die portret op die omslag, is daar egter geen ander illustrasies nie. Dit is nogal jammer, want afdrucke van sketse en planne van die fort en illustrasies van hoe die klein nedersetting aan die voet van Tafelberg destyds gelyk het, asook portrette van sommige van die persone na wie verwys word, sou beslis sommige lesers kon help om 'n beter beeld van die leefwêreld aan die Kaap in die vyftiger- en sestigerjare van die sewentiende eeu (1652-1662) te vorm.

Ten einde te begryp waarom en op welke wyse daar gou 'n komplekse veelrassige samelewing aan die Kaap (en met verloop van tyd dus ook in Suid-Afrika) uitgegroe het, is dit nodig om ook die geskiedenis van die blanke setlaars te ken en na behore te begryp. Karel Schoeman se *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662* is 'n puik publikasie wat waardevolle kultuurhistoriese inligting oor die omstandighede tydens die eerste tien jaar na die stigting van die verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop verskaf. Hierdie besondere teks is bedoel vir

alle belangstellendes in die vroeë vestigingsgeskiedenis van die huidige Suid-Afrika. Hopelik sal die boek die halfvergete ouer geskiedenis van Suid-Afrika aan 'n nuwe geslag lesers bekendstel. Daar word uitgesien na die laaste twee boeke in Schoeman se "Kolonie aan die Kaap"-reeks, naamlik *Burgers en amptenare: die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662-1679* en *Here en boere: die kolonie aan die Kaap onder die Van der Stels, 1679-1712*.